HOËRSKOOL RANDBURG

Algemene Oueromsendbrief nommer 34 van 2020

4 November 2020

Geagte Ouers/Voogde, Personeel en Leerders

Welkom terug na die kort vakansie van een week. Nou bly daar ses weke oor tot 15 Desember wanneer ons rapporte uitgee en die Matrieks hulle laaste vraestel van die 2020-eindeksamen skryf.

Hierdie week fokus ons op die Matrieks met hulle afsluitingsdiens, prysuitdeling en klokseremonie waarna hulle Donderdag hul eerste vraestel skryf. Ons ander grade is ook in die laaste week voor die Novembereksamen en rond nou die werk af ter voorbereiding van die eksamen.

Personeel 2021

Mev. Mostert en mnr. Van der Merwe tree aan die einde van 2020 af. Mev. Bender vertrek om saam met haar eggenoot om sy oorseese werksverpligtinge na te kom. Mev. Hersellman bedank ook om tuis verantwoordelikhede na te kom. Verder antisipeer ons 'n aanwas van ons skoolgetalle na 2021 en het derhalwe sewe onderwysposte geadverteer waarvoor ons baie goeie aansoeke ontvang het.

Ons is in die proses om met die suksesvolle applikante te onderhandel rakende hulle indiensnemingspakette vir 2021 en sal eersdaags die finale lys van nuwe personeel kan bekendmaak.

Brug

Die sub-kontrakteur wat die handreëlings moes behartig, se werk is nie deur die kontrakteur en ingenieurs aanvaar nie en 'n nuwe sub-kontrakteur is noodgedwonge aangestel. Die nuwe reëlings is op skaal ontwerp om presies op die brug te pas en word tans vervaardig waarna installasie sal plaasvind. Dan kan ons die brug begin gebruik.

Matriekeksamen

Ons wens die graad 12-leerders sterkte toe met die eindeksamen wat op Donderdag, 5 November begin. Mag elkeen die motivering vind om baie hard te werk en 'n sukses van die eksamen te maak. Ons gun elkeen die uitslag wat deure sal oopmaak en sal bydra tot die realisering van drome en ideale.

TEL: (011)782 6226/7 • FAKS: 0866 517 902 • Malibongwe Rylaan • Posbus 77252, Fontainebleau, 2032
EPOS: hsrandb@global.co.za • WEBWERF: www.hsrandburg.co.za

Graad 8- tot 11-eksamen

Die res van die skool begin op Maandag, 9 November amptelik met die jaar se eindeksamen. Ons wys net weer daarop dat ons leerders 'n volwaardige eksamen skryf en nie slegs toetse oor 'n verskraalde sillabus soos deur die Departement voorgestel nie. Ons het via "Google Classroom" die volledige sillabusse gedek en skryf dus as 'n reël oor al die werk. Leerders mag onder geen omstandighede hierdie eksamen lig ag of dink dat dit nie gaan tel vir hul promosie na die volgende graad nie. Dit is 'n normale Novembereksamen soos wat jaarliks geskryf word.

Dit is ook belangrik om daarop te let dat slegs 'n amptelike sieknota van 'n dokter as verskoning vir afwesigheid aanvaar sal word. Geen hereksamen of uitgestelde vraestelle word bedien nie en derhalwe is versoeke vir afwesighede om bv. 'n naweek weg te gaan nie geldig nie.

Graad 11-leerders moet spesiaal hard werk aangesien hulle punte van vanjaar volgende jaar ingestuur word vir keuring vir verdere studies waar van toepassing.

Eksamenroosters vir graad 8- tot 11-leerders is reeds uitgedeel en is op die webwerf (https://www.hsrandburg.co.za/akademie/toets-en-eksamenroosters) en op D6 beskikbaar.

Handboeke

Alle GDO-handboeke in besit van elke leerder moet ingehandig word op die dag wat die leerder die betrokke vak skryf. Op die eksamenrooster word die prosedure verduidelik. Ouers moet help toesien dat die boeke ingehandig word. Ons sal rapporte terughou totdat alle boeke ingehandig is.

Graad 8 van 2021

Ons hoop op 'n leerdertal van 185 vir 2021. Ons het reeds twee ouerinligtingsaande gehou en sien uit na die bydrae wat dié groep tot ons skool gaan lewer. Ons is opgewonde oor die kwaliteit leerders wat aansoek gedoen het om toelating tot ons skool.

Kovid-statistiek

Die meegaande tabel vertoon ons nuutste syfers. Ongelukkig sal u merk dat ons vier nuwe Kovid-gevalle moes aanteken. Dié vier leerders was saam in 'n motorvoertuig waar hulle die virus opgedoen het. Hulle is in oorwig asimptomaties en ander leerders waarmee hulle in kontak was het die vereiste tien dae in isolasie deurgebring sonder dat enige verdere gevalle aangemeld is. Hierdie is bewys dat 'n mens jou masker moet dra en sosiale afstand moet handhaaf ten einde die risiko van infeksie te beperk. Die positiewe leerders sal die eerste eksamenvraestelle in isolasie skryf ten einde doodseker te maak dat geen verdere verspreiding plaasvind nie. Hierdie reëling vind in oorleg met die Departement van Onderwys plaas.

Ons versoek ook dat matriekleerders tydens die matriekseksamen 'n vlak-vyf-inperking sal handhaaf, sodat hulle nie die virus tydens die eksamen opdoen nie.

Sou dit gebeur dat ’n matrikulant positief toets tydens die eksamen, mag hulle nie skool toe kom nie en word die geleentheid om eksamen skryf verbeur tot die hereksamen wat volgens alle aanduidings eers in Mei/Junie van 2021 gaan plaasvind. So kan ’n matrikulant ’n hele jaar verloor as hulle nou onverskillig staan teenoor voorgeskrewe veiligheidsprotokolle. Almal moet help dat ons hulle gesond hou, asb.

Met Kovid-getalle wat weer styg, benadruk ons weer dat almal voorgeskrewe protokolle sal bly volg.

Dag		Ma	Di	Wo	Do	Vry		Ma	Di	Wo	Do	Vry
Maand		Oktober						November				
Datum		19	20	21	22	23		2	3	4	5	6
Personeel	Aantal Kovid-19-positiewe gevalle vanaf 29 Junie	1	1	1	1	1		1	1			
	Herstel van Kovid-19	1	1	1	1	1		1	1			
	Netto Kovid-19-aktief by die skool	**0**	**0**	**0**	**0**	**0**		**0**	**0**	**0**	**0**	**0**
	Self-isolasie: direkte kontak met positiewe (nié-skool) geval	**0**	**0**	**0**	**0**	**0**		**0**	**0**	**0**	**0**	**0**
	Komorbiditeit afwesig (werk van die huis af)	0	0	0	0	0		0	0	0	0	0
	Siekverlof (nié Kovid-19-verwant)	0	0	0	0	0		0	0	0	0	0
	Gewone verlof	1	2	2	2	3		1	2	0	0	0
Leerders	Aantal Kovid-19-positiewe gevalle vanaf 29 Junie	1	1	1	1	1		5	5			
	Herstel van Kovid-19	1	1	1	1	1		1	1			
	Netto Kovid-19-aktief by die skool	**0**	**0**	**0**	**0**	**0**		**4**	**4**	**0**	**0**	**0**
	Self-isolasie: direkte kontak met positiewe (nié-skool) geval	**1**	**0**	**2**	**2**	**0**		**2**	**0**			
	Komorbiditeit afwesig (werk op Google Classroom)	6	5	5	5	8		8	3			
	Siek (nié Kovid-19 verwant)	9	15	18	16	7		11	7			
	Afwesig ander rede	16	19	24	28	79		140	14			
TOAAL	Aantal Kovid-19-positiewe gevalle vanaf 29 Junie	2	2	2	2	2		6	6	0	0	0
	Herstel van Kovid-19	2	2	2	2	2		2	2	0	0	0
	Netto Kovid-19-aktief by die skool	**0**	**0**	**0**	**0**	**0**		**4**	**4**	**0**	**0**	**0**
	Self-isolasie: direkte kontak met positiewe (nié-skool) geval	**1**	**0**	**2**	**2**	**0**		**2**	**0**	**0**	**0**	**0**
	Komorbiditeit afwesig	6	5	5	5	8		8	3	0	0	0
	Siek (nié Kovid-19 verwant)	9	15	18	16	7		11	7	0	0	0
	Verlof/Afwesig ander rede	17	21	26	30	82		141	16	0	0	0

Ons wens almal sterkte toe vir hierdie kwartaal en ons wens is dat die rapporte aan die einde van die jaar vir almal ‘n bron van vreugde sal wees.

Vriendelike groete.

P Booysen: Hoof